**Hillcrest High School**

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal V2**

**November Eksamen**

**2018**

**Graad 8**

**Punte: 120**

**Tyd: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:**

| | |
|---|---|
| **AFDELING A: Kortverhale** | **(50)** |
| **AFDELING B: Gedigte** | **(60)** |
| **AFDELING C: Filmstudie** | **(10)** |

2. **Beantwoord AL die vrae.**

3. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**

4. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.**

5. **Laat 'n reël oop na elke antwoord.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

7. **Vul jou buiteblad volledig in.**

# STERKTE!

## AFDELING A: KORTVERHALE

### VRAAG 1: Valentynsdag

**Lees die uittreksels noukeurig deur en beantwoord al die vrae.**

| |
|---|
| ***Dit is die dag voor Valentynsdag. Phumi is baie opgewonde. Sy is in haar kamer besig om 'n kaartjie te maak. Sy knip 'n hartjie uit pienk karton. Sy skryf daarop.*** |

**1.1 Waarom is Phumi opgewonde?** **(1)**

**1.2 Hoe lyk die kaartjie wat Phumi maak?** **(1)**

**1.3 Vir wie maak Phumi die kaartjie? Gee die persoon se naam.** **(1)**

| |
|---|
| ***Niemand sien haar nie behalwe Kheta. Hy kruip skelm agter die deur weg en loer na haar. Sodra sy weg is, gaan hy die kamer binne. Wanneer hy uitkom, glimlag hy van oor tot oor.*** |

**1.4 Wie is Kheta?** **(1)**

**1.5 Wat het Kheta in Lethu se bank gesit?** **(1)**

**1.6 Stem jy saam met die volgende stelling?**

**1.6.1 Ja of Nee?** **(1)**

**1.6.2 Gee 'n rede vir jou antwoord.** **(1)**

***" Dit was regte sjokolade wat Lethu geëet het."***

**1.7 Hoekom het die meisies vir Kheta gelag?** **(1)**

**1.8 Die volgende stelling is onwaar. Gee 'n rede vir jou antwoord.**

***" Mara was beeldskoon."*** **(1)**

1.9 Kies die korrekte antwoorde uit die tussen hakies om die sin te voltooi.

Skryf die vraagnommer en antwoord neer.

Toe Kheta in Phumi se kamer was, het Phumi (gelukkig/ hartseer/kwaad) gereageer. (1)

1.10 Watter een van die volgende beskrywings pas by Lethu?

A) Ligte hare

B) Kuiltjies op sy wange

C) lank en maer (1)

1.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte volgorde:

- Phumi kom vroeg by die skool aan
- Phumi sit iets in Lethu se skoolbank
- Al die meisies lag vir Lethu
- Phumi jaag haar broer by haar kamer uit

(4)

[15]

**VRAAG 2: Nog iemand vir pynappel op pizza?**

Lees die uittreksels deur en beantwoord al die vrae wat volg.

| |
|---|
| *" Ek wil nie hier wees nie, Ma! Dis wat!" Hy swaai om en stap voordeur toe. Hy wil nie sy ma se bekommerde oë sien nie. Hy wil nie verduidelik dat hy nie kans sien om weer van voor af te begin nie.* |

2.1 Wie is die spreker in die uittreksel? Gee slegs die persoon se naam. (1)

2.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer.

Watter boek wil hy gaan leen? (1)

A) Wiskundeboek
B) Natuurwetenskapboek
C) Biologieboek

2.3 By wie wil hy die boek gaan leen? (1)

2.4 Hoe gaan hy haar huis vind? (1)

> ***Hy kry die straat en draai regs, bult-op. Die huise word groter hoe verder hy stap. Hy dink aan Suzanne – ligte hare in 'n vlegsel, bril, netjies en presies en vrek slim. Welgelegenstraat 105 is die laaste huis in die straat. En die grootste. Hy druk die klokkie en wag. Hy voel ongemaklik.***

2.5 Beskryf hoe Suzanne lyk toe sy die deur oopmaak. (1)

2.6 Watter verskoning gee Suzanne, waarom haar kamer so deurmekaar is? (1)

2.7 Wat is die naam van die CD wat Tiaan in Suzanne se kamer sien? (1)

2.8 Die volgende stelling is ONWAAR. Gee 'n rede vir jou antwoord.

*" Riami hou van klassieke musiek."* (1)

2.9 Watter drankie gee Riami vir Tiaan om te drink? (1)

2.10 Wat doen Riami wat "klik-klak" maak? (1)

2.11 Stem jy saam met die volgende stelling?

2.11.1 Ja of Nee? (1)

2.11.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

*" Richard is in Graad 8 C."*

2.12 Waarvan hou Richard nie op sy pizza nie? (1)

2.13 Watter instrument speel Richard? (1)

2.14 Watter instrument speel Tiaan? (1)

2.15 Voltooi die paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik.

| |
|---|
| nuwe, dogter, vier, kwaad, seun, weird, vyf, gedig, gelukkig |

In die eerste gedeelte van hierdie kortverhaal lees ons van 'n (a) ………… wat (b) ……… en ongelukkig is. Hy sê dat die kinders by die skool (c)……. is. Die seun is al (d) ……….dae by sy (e)……..skool. (5)

[20]

VRAAG 3: 'n Rooie met ratte, Pa

Lees die uittreksels deur en beantwoord al die vrae wat volg.

| |
|---|
| *Dis wat sy pa eerste gevra het: " En Freddie, wat wil jy vir jou verjaarsdag hê?" Hy't dit so half gevra asof hy klaar geweet het en Freddie het ook nie twee keer gedink nie.* |

3.1 Wat wil Freddie graag vir sy verjaarsdag hê? (1)

3.2.1 Watter present het Freddie een Kersfees gekry? (1)

3.2.2 Wat het Freddie met sy present gbou? Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer. (1)

A) 'n waentjie
B) 'n boomhuis
C) 'n boks

3.4 Met watter vak het Karel gesukkel? (1)

3.5 Die volgende stelling is ONWAAR. Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

*" Karel het 'n geel fiets."*

| |
|---|
| ***Freddie kon nie wag nie. By die skool het hy vir Karel niks van die fiets gesê nie. Hy het hom selfs gehelp met wiskunde en speeltyd het hy vir hom 'n prentjie in die sand geteken en presies verduidelik waar lê Groenland.*** |

3.6 Stem jy saam met die volgende stelling?

3.6.1 Ja of Nee? (1)

3.6.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

*" Freddie se verjaarsdag is op 'n Vrydag."*

3.7 Freddie kon nie aan die slaap raak nie. Hy was te (opgewonde / bang).

Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die antwoord neer. (1)

3.8 Pas die beskrywing in Kolom B by die stellings in Kolom A. Skryf net die nommer en letter neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 3.8.1 | Fiets met dun wiele. | A | Dis sleg vir jou rug. |
| 3.8.2 | Fiets met krom handvatsels. | B | Hy wou nie eers op die fiets ry nie. |
| 3.8.3 | Freddie was bitter teleurgesteld. | C | Jy moet warder wat jy het. |
| 3.8.4 | Freddie het 'n dure les geleer. | D | Jy moet nie jou ongewensde geskenke buite los nie. |
| | | E | Kan nie in die sand ry nie. |

(4)

3.9 Freddie se ouers was (baie ryk / arm)? Kies die korrekte antwoord. (1)

**3.10 Wat het aan die einde van die verhaal met Freddie se fiets gebeur? (2)**

**[15]**

**Totaal vir Afdeling A: [50]**

**AFDELING B: GEDIGTE**

**VRAAG 1: Die reënboogkinders**

**Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**Die reënboogkinders** **(Hennie Aucamp)**
**'n ABC**

1. A'staan vir Astrid, almal sal van haar hou.
2. B staan vir Buksie, klein maar sterk gebou.
3. C staan vir Colene, met sproete op haar neus.
4. D staan vir Damon, wat 'n visserman wil wees.
5. E staan vir Elsie, 'n krulkop-liefling
6. F staan vir Faisal, wat Kaapse moppies sing
7. G staan vir Gerty, haar hoedjie is geruit.
8. H staan vir Heinrich, wat nes 'n lyster fluit.
9. I staan vir Ina, sy dra linte en sy dig.
10. J staan vir Johnny, hy skerm in die lug.
11. K staan vir Katrientjie, sy klim van tak tot tak.
12. L staan vir Lorenzo, wat lekker pizzas bak.
13. M staan vir Miriam, sy tel al in Hebreeus.
14. N staan vir Nimrod, in sy drome jag hy leeus.
15. O staan vir Olga, haar oupa was 'n Rus.
16. P staan vir Pumlani, van die Pondolandse kus.
17. Q staan vir Queenie, fyntjies van gebaar,
18. R staan vir Ricardo, hy klits sy blikkitaar.
19. S staan vir Skankwas, wat in die duine bly.
20. T staan vir Thandi, wat potte maak van klei.
21. U staan vir Ute, met wange appelrond.
22. V staan vir Vuzi, 'n ghoera voor sy mond.
23. W staan vir Wena, sy speel so graag toneel.
24. X staan vir Xander, met sy strikdas van fluweel.
25. Y staan vir Yonti, 'n kolwertjie van faam.
26. Z staan vir Zubayda- en hier sê ons "Salaam".



**1.1 Stem jy saam met die volgende stelling?**

**1.1.1 Ja of Nee?** **(1)**

**1.1.2 Haal aan om jou antwoord te bewys.** **(1)**

***" Niemand sal van Astrid hou nie."***

**1.2 Beskryf hoe Buksie lyk, deur VIER OPEENVOLGENDE woorde aan te haal.** **(1)**

**1.3 Wat het Colene op haar neus? Haal EEN WOORD aan as antwoord.** **(1)**

**1.4 Die volgende stelling is WAAR. Haal aan om jou antwoord te bewys.** **(1)**

***" Damon hou daarvan om vis te vang."***

**1.5 Waarvandaan kom Faisel? Haal EEN woord aan as jou antwoord.** **(1)**

**1.6 Stem jy saam met die volgende stelling?**

**1.6.1 Ja of Nee?** **(1)**

**1.6.2 Haal aan om jou antwoord te bewys.** **(1)**

***" Ina dra strikkies in haar hare."***

**1.7 Katrientjie hou daarvan om boom te klim. Haal drie opeenvolgende woorde aan as antwoord.** **(1)**

**1.8 Van watter land af kom Lorenzo?** **(1)**

**1.9 Kies die korrekte anwoord. Skryf die vraagnommer en antwoord neer.** **(1)**

***" Olga se oupa kom van ______ af."***

**A) Frankryk**
**B) Rusland**
**C) Engeland**

**1.10 Watter drie woorde vertel vir ons dat Ricardo van kitaar speel hou?** **(1)**

**1.11 Die volgende stelling is WAAR. Haal aan om jou antwoord te bewys.** **(1)**

***" Thandi maak kleipotte."***

**1.12 Watter instrument speel Vuzi? Haal EEN versreël aan as antwoord.** **(1)**

**1.13 Waarvan is Xander se strikdas gemaak?** **(1)**

**[15]**

## VRAAG 2: Vakansie

**Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

---

**Vraag 2: Vakansie (Elizabeth Fourie)**

Vakansie is net om die draai
Dis weer tyd om die motor te laai
Ag Pa, maak tog gou!
Ons wag net vir jou
Dan kan ons lekker laat waai.

Die fles met koffie is in
Die feestyd gaan nou begin
Gepak is my tas
My gordel is vas
Die tyd na die see toe raak min.

Ek sien die see….
Ag Ma, kan ons sommer nou dadelik gaan swem?

Sambrele, sambrele – 'n bloue, 'n gele
Staan oral gepak op die strand

Die grafies en emmers, die mooiste kastele
Gebou van die sagte spierwit sand.

Die kinders wat lag en skater en skater
En plas in die water
Pa lê so lui op sy rug
Desembervakansie
Die son dans 'n dansie
En lag in die helder blou lug

**2.1 Wie is die digter van hierdie gedig?** **(1)**

**2.2 Haal vier opeenvolgende woorde uit strofe 1 aan wat aandui wanneer dit vakansie is.** **(1)**

**2.3 Kies die korrekte antwoord uit die woorde tussen hakies en skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer.** **(1)**

***Die gesin in hierdie gedig, gaan per (boot, vliegtuig, motor) met vakansie.***

**2.4 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal uit die gedig aan om jou antwoord te bewys.** **(1)**

***" Die fles met tee is ingepak."***

**2.5 Haal 'n voorbeeld van klanknabootsing in strofe 6 aan.** **(1)**

**2.6 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan.** **(1)**

**2.7 Haal 'n voorbeeld van assonansie uit strofe 1 aan.** **(1)**

**2.8 Wat beteken die woord "*skater*" in reël 17? Kies die korrekte anwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.** **(1)**

**A) Om lekker te speel.**
**B) Om skaatsplank te ry.**
**C) Om lekker te lag.**

**2.9 Watter twee kleure is die sambrele?** **(2)**

**2.10 Wat wil die spreker doen sodra sy die see sien?** **(1)**

**2.11 Gedurende watter seisoen van die jaar gaan hulle met vakansie?** **(1)**

**2.12 Stem jy saam met die volgende stelling?**

**2.12.1 Ja of Nee?** **(1)**

**2.12.2 Motiveer jou antwoord deur uit die gedig aan te haal.** **(1)**

***" Die kinders bou sandkastele op die strand."***

**2.13 Watter woord sê vir ons dat die sand mooi wit is? Haal EEN woord uit die gedig aan as jou antwoord. (1)**

**2.14 Pas die woorde in KOLOM A by die beskrywing in KOLOM B. Skryf net die vraagnommer en letter neer. (5)**

| | **KOLOM A** | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| **2.14.1** | **"plas"** | **A** | **Pa lê plat op sy rug** |
| **2.14.2** | **Ontspan** | **B** | **Die woord word herhaal** |
| **2.14.3** | **Personifikasie** | **C** | **Alliterasie** |
| **2.14.4** | **Skater** | **D** | **Die son dans 'n dansie** |
| **2.14.5** | **Sambrele** | **E** | **Klanknabootsing** |
| | | **F** | **Staan oral gepak op die strand** |

**[20]**

**VRAAG 3: As Lara glimlag**

**Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**As Lara glimlag**

As Lara glimlag
word my skooltas onverwags lig,
wiskunde eensklaps maklik
en verstaan ek daai Shakespeare-gedig.
As Lara glimlag
verdwyn die grys ou skoolgebou.
Haar glimlag kan jou selfs
van Maandae laat hou.
As Lara glimlag
kry my rugbytoks vlerke,
kan selfs verloor oukei voel.
Ek wens net Lara se glimlag
was spesiaal vir mý bedoel.



*Jaco Jacobs*

3.1 Hoe voel die spreker se skooltas as Lara glimlag? Haal twee opeenvolgende woorde uit die gedig aan om jou antwoord te bewys. (1)

3.2 Met watter skoolvak sukkel die spreker? (1)

3.3 Die volgende stelling is WAAR. Motiveer jou antwoord deur aan te haal. (1)

*" Die spreker sukkel met gedigte in Engels."*

3.4 Van watter weeksdag hou die spreker gewoonlik nie? Haal EEN woord aan as antwoord. (1)

3.5 Hoe lyk die skoolgebou, volgens die spreker? (1)

3.6 Aan watter sport neem die spreker deel? Haal EEN versreël uit die gedig aan om jou antwoord te bewys. (1)

3.7 Hoe dink jy voel die spreker oor Lara? Verduidelik in jou eie woorde. (2)

3.8 *" Kry my rugbytokse vlerke", beteken:* Skryf slegs die vraagnommer en letter neer. (1)

A) die spreker kan vlieg

B) hy hardloop baie vining

C) hy hardloop stadig

3.9 Kies die korrekte antwoord in hakies. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer. (1)

Lara is 'n (ongeskikte, vriendelike, onvriendelike) persoon.

3.10 Waarom is die einde van die gedig so IRONIES? Verduidelik in jou eie woorde. (2)

**3.12 Skryf die volgende gebeure in die korrekte VOLGORDE neer.** **(4)**

- **Dit is oukei om te verloor, as Lara vir my glimlag**
- **Die spreker verstaan die Shakespeare-gedig**
- **Die spreker wens dat Lara se glimlag net vir hom bedoel was**
- **Die grys ou skoolgebou verdwyn**

**[16]**

**<u>VRAAG 4: Pieter in die Playstation</u>**

**<u>Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.</u>**

**Pieter in die Playstation**

My beste vriend Pieter
het PlayStation gespeel, heeldag
Hy het nooit opgehou nie-
tot laaaaat in die nag.

Maar een Saterdagoggend
toe hy nog knoppies druk,
is die liewe, lawwe Pieter
deur die PlayStation ingesluk.

Nou sit hy vas in 'n speletjie.
En hier's die nare ding:
as jy die X-knoppie druk,
dan moet Pieter spring.

Nou speel ek ook PlayStation
Maar net omdat ek moet,
want Pieter het my mooi gevra
dat ek hom elke dag groet.

***Louis Fourie***



www.shutterstock.com · 578521924

**4.1 Watter woord in strofe 1 sê dat Pieter al die tyd Playstation speel? (1)**

**4.2 Hoekom word "*laaaaat*" so geskryf? Kies die korrekte anwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer. (1)**

**A) Klanknabootsing**
**B) Assonansie**
**C) Beklemtoning**

**4.3 Wat het met Pieter gebeur? Haal EEN versreël uit die gedig aan om jou antwoord te bewys. (1)**

**4.4 Voltooi: Pieter moet ________as die spreker die X-knoppie druk. (1)**

**4.5 Wat is die tema van hierdie gedig? (1)**

**4.6 Stem jy saam met die volgende stelling?**

**4.6.1 Ja of Nee? (1)**

**4.6.2 Motiveer jou antwoord deur uit die gedig aan te haal. (1)**

***" Pieter is 'n beleefde seun."***

**4.7. Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 2 aan. (1)**

**4.8 Die volgende stelling is WAAR. Haal uit die gedig aan om jou antwoord te bewys. (1)**

***" Die spreker word gedwing om Playstation te speel."***

**[9]**

**<u>Totaal vir Afdeling B: [60]</u>**

## AFDELING C: FILMSTUDIE

### VRAAG 1: Agent 2000: Die Laksman

1.1 Wat is die Hoërskool se naam? (1)

1.2 Wie is die hoofkarakter? Gee die persoon se naam en van. (1)

1.3 Wat het die Laksman met die eerste leerling gedoen? (1)

1.4 Wat is die bynaam (nickname) wat vir die Graad 8 leerders gegee word? (1)

1.5 Pas Kolom A by Kolom B. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer. (5)

| | Kolom A | | Kolom B |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | Die hoof se naam. | A | Neptunus |
| 1.5.2 | Hoofkarakter se susters se name. | B | Jean-Jacques |
| 1.5.3 | Koning van ontgroening se naam. | C | Mev Schutte |
| 1.5.4 | Die skool se hoofseun | D | L'Miri en Madelie |
| 1.5.5 | Vet onderwyseres se naam. | E | Mnr Von Brakel |
| | | F | Pluto |

1.6 Wat vind die speurder uit omtrent Chantè-Amorè? (1)

**[10]**

**Totaal vir Afdeling C: [10]**

**SOMTOTAAL: [120]**